# Logiese analise van die uitspraak van Magistraat Len Kotze in die saak van die Staat vs. Die Waterkloof-4 (Saak 14/2058/04)

# Inhoudsopgawe

1.) Opsomming.....3
2.) Doel.....4
3.) Die uitspraak van Magistraat Len Kotze.....4
3.1) Insident 1: vermeende aanval in Constantia Park.....4
3.2) Insident 2: aanranding en vermeende moord in Moreleta Park.....17
3.2.1) Opset.....19
3.2.2) Die liggaam.....22
4.) Aanhangsels.....31
4.1) Kaarte.....31
4.2.1) Legende.....31

# 1.) Opsomming

Dit is duidelik dat die uitspraak van Magistraat Len Kotze deurtrek is met foute van verskeie grade. Die hoeveelheid foute wat hy maak laat my glo dat sy uitspraak ernstig beïnvloed word deur een of ander onbekende element. Dit sal, volgens my, statisties onmoontlik wees vir 'n professionele persoon om soveel foute te maak in een argument. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hierdie foute aan menslike natuur afgemaak kan word. Dit is my opinie dat Magistraat Kotze bevooroordeeld was in sy toepassing van die wet. Sy toepassing van teorieë en logika word nie eweredig aangewend vir beide getuies en beskuldigdes nie. Hy ignoreer basiese beginsels van wetstoepassing en ontneem sodoende die beskuldigdes van hulle basiese grondwetlike regte.

Dit is my opinie dat hierdie vier individue verkeerdelik aan ernstige misdaad skuldig bevind is. Hulle was nooit onskuldig geag tot andersins bewys nie. Hulle was ook nooit die voordeel van die twyfel gegee nie. Dit is duidelik dat hulle skuld aanvaar was lank voor die bewysstukke opgeweeg is en die argumente was dan geforseer, redelik geweldadig op tye, om die aanname van skuld te ondersteun. In my opinie sal dit onmoontlik wees om hulle skuld bo 'n redelike twyfel te bewys in hierdie saak. Die hoeveelheid aannames wat gemaak moet word om die getuienis van die Staatsgetuies aanvaarbaar te maak is astronomies. Hierdie is slegte logika en dit lei tot onverantwoordelike en skadelike toepassing van die wet.

Die getuienis van die Staatsgetuies was duidelik kreatief en dit is maklik om te sien dat hulle weergawe van gebeure die kleinste waarskynlikheid het om met die fisiese bewyse te strook. Dit is verder ook my opinie dat hulle grotendeels oneerlik was, wetende of andersins. Magistraat Kotze steun so swaar op hulle getuienis dat hy selfs fisiese bewyse van die tafel af vee om sy beslissing te bereik. Magistraat Kotze verwar moontlikheid met waarskynlikheid op 'n voortdurende basis. Dit is verkeerd. Die basiese

grondwetlike regte van die vier individue is hulle geweier en dit maak hierdie saak 'n klug.

## 2.) Doel

Die doel van hierdie verslag is om te probeer om die logika wat deur Magistraat Len Kotze gedurende hierdie saak toegepas is te volg om sodoende te bepaal of ek by dieselfde gevolgtrekking kan uitkom as hy. Ek probeer ook om gedurende die analise te onderskei tussen moontlikheid en waarskynlikheid.

## 3.) Die uitspraak van Magistraat Len Kotze

Daar is twee insidente wat van belang is in hierdie saak. Eerstens is daar die vermeende aanval op 'n persoon wat langs die pad gesit het naby die Qualilife gimnasium in Constantia Park, Pretoria. Tweedens is die aanranding en vermeende moord van 'n skynbare inbreker wat in 'n openbare park in Moreleta Park, ook in Pretoria, in gehardloop het. Die beskuldigdes ontken die eerste insident volkome en ontken moord, doelbewus of andersins, tydens die tweede insident. Hulle erken dat hulle 'n man in die park aangerand het en hulle erken die aanranding was redelike geweldadig.

### *3.1) Insident 1: vermeende aanval in Constantia Park*

Daar is geen direkte bewyse vir (of teen) hierdie insident en Magistraat Kotze maak grootliks staat op die getuienis van die Staatsgetuies. Magistraat Kotze vind die getuienis van die Staatsgetuies betroubaar sonder enige grondige basis en verwerp die ongerymdhede in die Staatsgetuies se weergawe as geheue-probleme wat verband hou met die tyd wat verloop het tussen die fisiese gebeure en die hofverrigtinge. Magistraat Kotze verklaar dat hy geen rede het om enige samewerking tussen die Staatsgetuies te vermoed nie. Hierdie is 'n gevaarlike aanname, gegee die Staatsgetuies is

twee broers, hulle nefie en in 'n mindere mate hulle Ma, en lei vermoedelik later tot die verkeerde hantering en selfs verwerping van fisiese bewyse.

Die waarheid is dat die saak eers 'n jaar na die werklike gebeure aan hange gemaak is en die Staatsgetuies het meer as genoeg tyd gehad om hulle stories eenvormig te maak. Hulle getuieverklaring is afgeneem deur 'n prokureur wat in hulle belang optree en daar is geen werklike manier om onafhanklik te bepaal of daar enige sameswering of samewerking is tussen die betrokke Staatsgetuies is nie. Ek sal dink dat hierdie onsekerheid die versigtige en deeglike hantering van die beskikbare fisiese bewysstukke sal noodsaak om 'n regverdige verhoor van die beskuldigdes te verseker.

Dit was ook vir my opvallend dat die getuies se antwoorde op alle omstrede kwessies iets was in die lyn van " Ek weet nie, ek kan net getuig op wat ek onthou". In my opinie maak dit een of ander vorm van afrigting ten minste moontlik en, weereens, lig dit die noodsaaklikheid van die versigtige opweeg van getuienis teen fisiese bewyse sterk uit. Dit is my opinie dat Magistraat Kotze verkeerdelik aanvaar het dat die Staatsgetuies se getuienis bo twyfel was. Om regverdig te wees moes hierdie waarskynlike samewerking en selfbehoud ten minste oorweeg word en moes die duidelike twyfel wat in hulle getuienis bestaan het erken word.

Die getuienis van beskuldigde-1 is verwerp as 'n leuen gebaseer op die opinies van twee broers, hulle nefie en hulle Ma. Die verhouding op sy eie, sal my versigtig maak om hulle weergawe as die onfeilbare waarheid te aanvaar. Niemand van die ander getuies in hierdie saak kon die beskuldigdes so effektief verdoem soos die von Lansberg-familie nie. In werklikheid is die getuienis van beskuldigde-1 nie so verregaande nie en is dit 'n baie meer eenvoudige weergawe (Ockham se skeermes - "Ockham's razor") van gebeure wat plaasgevind het daardie noodlottige aand. Dit vereis nie hoëspoed-jaagtogte, hoëspoed-aanranding en komplekse sameswering nie. Verder word die Staatsgetuies die voordeel van geheue-verwering gegee as gevolg van die tyd wat verspeel het tussen die aanranding en die hofsaak, maar daardie luuksheid word nie aan die beskuldigdes gegee nie. Hierdie is

onregverdig en word ook 'n bepalende faktor om die saak in die Staat se guns te swaai.

Die geheue-verwering-teorie word ook nie eenvormig toegepas op die getuienis van die Staatsgetuies nie. Hulle onthou byvoorbeeld nie die naweek te sprake nie. Hulle kan ook nie die inhoud van die telefoonoproepe onthou nie. Hulle kan egter presies onthou hoeveel oproepe gemaak is, presies waar dit gemaak is op enige tyd gedurende daardie aand, presies waarheen hulle op enige gegewe tyd op pad was, fyn besonderhede oor gesprekke en inkriminerende aksies wat daardie nag plaasgevind het en selfs meer wonderlik, die gesig van die persoon wat aangerand is in die middel van die nag tydens die tweede insident. Dit alles 'n jaar nadat een van die Staatsgetuies die slagoffer na bewering een keer geskop het en die ander die slagoffer van ver af besigtig het, na 'n hoëspoed, adrenalien-gevulde, nag van chaos. Dit alles is verdag om die minste te sê.

Die getuienis van die Staatsgetuies en die beskuldigdes rakende hierdie eerste insident is teenstrydig met mekaar en die enigste bewyse wat in ag geneem kan word is 'n reeks foonoproepe van beskuldigde-1 se telefoonrekords wat 'n tydraamwerk vasstel waarin hierdie gebeurtenis kon plaasvind. Daar is verskeie stories oor die inhoud van die onderskeie oproepe en in my opinie dien dit slegs om die moontlikhede uit te lig eerder as om enigiets te bewys al dan nie. Magistraat Kotze’s se hantering van hierdie oproepe is geheel en al verkeerd.

Daar is vier oproepe op rekord wat van belang is vir daardie vroeë oggend en hulle het as volg gebeur:

02:09 (Hatfield) Staatsgetuie se selfoon na beskuldigde-1 se selfoon: Staatsgetuie Reinhart von Landsberg verklaar dat hy hierdie oproep kon gemaak het om die ouer seuns uit die klub te kry maar sy geheue oor die spesifieke oproep was vaag. Beskuldigde-1 getuig dat dit wel die oproep was om hulle te vra om uit te kom sodat hulle kan huistoe gaan.

02:43 (Hatfield) Beskuldigde-1 se karfoon na onverwante nommer: Die Staatsgetuies maak geen verwysing na hierdie oproep nie. Beskuldigde-1

verklaar dat hy 'n oproep gemaak het na 'n vorige meisie van hom. Die inhoud van die oproep is nie werklik van belang nie, maar dit plaas die beskuldigdes in Hatfield op daardie tyd. Die geskakelde nommer behoort nie enige een van die Staatsgetuies of beskuldigdes nie.

02:57 (Moreleta Park) Beskuldigde-1 se selfoon na Staatsgetuie se selfoon: Hierdie oproep word betwis volgens die Staatsgetuies se storie. Dit mag dalk die oproep wees waarin beskuldigde-1 telefoneer om uit te vind waar die Staatsgetuies hulself bevind op daardie stadium nadat hulle afgewyk het van die roete en beskuldigde-2, wat in die tweede voertuig gery het, die eerste persoon aangerand het. Die Staatsgetuies het klaarblyklik beskuldigde-1 ingelig van die eerste aanranding waarop hy hulle laat weet het om daar te bly totdat hy opdaag. Die Staatsgetuies volhou ook dat daar nog 'n oproep was (waarvan daar absoluut geen rekord is nie) en dat hierdie vermiste oproep die oproep was om hulle te vra om melk te koop nadat die eerste slagoffer twee keer aangerand is. Indien ons aanneem dat daar wel nog 'n oproep iewers plaasgevind het, dan moet ons aanneem dat die oproep om 02:57 moes die melk-koop-oproep gewees het en die vermiste oproep moes verband hou met die eerste aanranding. Daar is eenvoudig te min tyd tussen hierdie oproep en die volgende een om 'n aanranding en nog 'n oproep te kan akkomodeer. Volgens beskuldigde-1 het hulle kort voor hierdie oproep by die kruising van Lois en Hans Strydom gestop. Beskuldigde-1 het beskuldigde-4 aangesê om die mense in kar agter hulle (die Staatsgetuies) in te lig om melk te koop. Beskuldigde-1 het toe voort gegaan om vir beskuldigde-4 weg te ry as 'n grap en sodoende beskuldigde-4 gelos om in die tweede voertuig te klim. Volgens beskuldigde-1 was hierdie oproep oomblikke later gemaak om seker te maak dat die tweede voertuig wel beskuldigde-4 opgetel het.

02:59 (Moreleta Park) Beskuldigde-1 se selfoon na Staatsgetuie se selfoon: Dit word deur beide partye aanvaar dat hierdie oproep gemaak is om die persone in die tweede kar te verwittig van die vermeende inbrekers wat oor die straat gehardloop het naby die betrokke parkie in Moreleta Park.

Staatsgetuie Heinrich von Landsberg volhou dat daar drie oproepe was wat met die eerste aanranding verband hou soos hierbo genoem met addisionele reëlings vir 'n nuwe ontmoetingsplek na die eerste aanranding

(klaarblyklik die vermiste oproep). Soos voorheen genoem is daar net rekords vir twee van hierdie oproepe in die Moreleta Park area. Magistraat Kotze besluit dat die eerste oproep moes die oproep om 02:09 gewees het (sien p820 vanaf r10 van die hofdokumente). Dit is geheel en al verkeerd vir 'n aantal redes. Die oproep om 02:09 was vanaf die Staatsgetuie se selfoon na beskuldigde-1 se selfoon gemaak. Volgens die Staatsgetuie is die eerste oproep van die eerste aanranding vanaf beskuldigde-1 na hom toe gemaak. Die belangrikste punt is egter dat die oproep om 02:09 albei partye nog ferm in Hatfield plaas. Magistraat Kotze verwerp die fisiese bewyse om die Staatsgetuies se weergawe geloofwaardig te maak.

Indien ons probeer rekenskap gee vir die ander oproep kan ons oorweeg dat daar moontlik ander fone beskikbaar was in die voertuie soos vlugtig deur die Magistraat bespiegel is. Niemand weet of dit so was of nie, maar dit is sekerlik moontlik. Die probleem met hierdie hipotese is dat beskuldigde-1 die enigste persoon was wat vriende was met die mense in die tweede voertuig wat dan die waarskynlikheid van kommunikasie tussen die ander persone verlaag. Daar was ook geen aanduiding hoegenaamd gedurende die verrigtinge dat enige van die ander individue so vrylik oproepe gemaak het soos beskuldigde-1 nie. Dit sal 'n growwe aanname wees te dink dat al die kinders in die twee voertuie geld gehad het om te mors en sodoende nie sou skroom om oproepe te maak nie. Benewens die feit is dit ook noemenswaardig dat beskuldigde een nie gehuiwer het om sy selfoon of die karfoon in sy Pa se BMW te gebruik om oproepe te maak nie. Hoekom dan die skielike verandering in modus operandi wanneer nog niks gebeur het nie? In die onwaarskynlike geval wat beskuldigde-1 een van die ander opdrag gegee het om iemand in die tweede voertuig te telefoneer is dit denkbaar dat hy hulle sou aansê om sy foon of die karfoon te gebruik. Om hierdie teorie verder te beaam word daar nêrens in die getuienis van die Staatsgetuies ooit genoem dat hulle met enigiemand behalwe beskuldigde-1 oor die foon gepraat het nie. Alhoewel hierdie argument nie die “verlore oproep” weerlê nie, gooi dit 'n redelike groot skadu van twyfel oor dit. Die telefoonrekords strook perfek met die beskrywing van gebeure wat deur beskuldigde-1 gegee is. Ten spyte hiervan kies Magistraat Kotze om die meer

komplekse verduideliking van die Staatsgetuies te aanvaar waarin daar 'n noemenswaardige hoeveelheid aannames gemaak moet word om die weergawe moontlik te maak. Iindien ons dan weereens Ockham se skeermes (Ockham's razor) toepas op die situasie, is die weergawe van die beskuldigdes die mees geloofwaardige een.

Die tweede element wat bespreek is, is die tyd wat dit geneem het om die eerste aanranding uit te voer. Die oproepe soos hierbo bespreek baken die insident tussen 02:43 (nog in Hatfield) en 02:57 (in Moreleta Park). Dit is 14 minute en waarskynlik nog korter indien ons die “vermiste oproep” in ag neem. Die oproep om 02:59 word algemeen aanvaar as die oproep waar beskuldigde-1 die tweede voertuig getelefoneer het om hulle in te lig van die vermeende inbrekers in die park in Moreleta Park asook om hulp te vra om hulle aan te keer. Die beskuldigdes hou vol dat hulle in 'n konvooi gery het tot by die kruising van Lois en Hans Strydom kort voor die oproep om 02:57.

Die Staatsgetuies verklaar dat beskuldigde-1 van hulle af weggejaag het vanaf die tyd wat hulle die klub in Hatfield verlaat het. Magistraat Kotze gebruik die oproep om 02:43 as bewys dat hierdie stelling waar is (sien p823 vanaf r7 in die hofdokumente). Hierdie argument is geheel en al ongegrond. Soos voorheen genoem was die oproep om 02:43 gemaak aan 'n nommer wat nie verwant is aan enige persoon wat in hierdie saak betrokke is nie. Hoe kan die skakel van 'n nie-verwante nommer enigsins bewys dat twee voertuie saam is of nie. Selfs indien 'n persoon in die tweede kar geskakel is kan daar geen aannames oor die afstand tussen die voertuie gemaak word sonder area informasie oor daardie oproep nie en selfs dan sal dit growwe informasie wees. Magistraat Kotze argumenteer dat dit onrealisties is dat iemand daardie tyd van die aand 'n ander persoon sal telefoneer en dus moes die nommer aan een van die persone in die tweede voertuig behoort al het die Staatsgetuies onvoorwaardelik getuig dat die nommer nie aan een van hulle behoort nie. Hierdie argument is verspot. Magistraat Kotze forseer duidelik die argument in 'n vooropgestelde rigting. Alreeds op hierdie stadium is dit duidelik dat Magistraat Kotze sy besluit geneem het oor die beskuldigdes se lot al het hy nog nie al die bewyse opgeweeg nie. Dit is swak regspleging.

Magistraat Kotze spekuleer dat beskuldigde-1 teen 'n hoë spoed beweeg het om vanaf Hatfield tot in Witdoringlaan in Moreleta Park te beweeg in die tyd wat aangedui is. Dit is nie noodwendig waar nie. Beskuldigde-1 getuig dat hulle oomblikke voor die oproep om 02:57 by die kruising van Lois en Hans Strydom gestop het. Om hierdie roete in net onder 14 minute te voltooi teen 'n gematigde spoed is geheel en al moontlik indien daar geen ander insidente op pad was nie. Dit moet in ag geneem word dat hierdie minderjarige individue was wat onder die invloed van alkohol bestuur het met hulle ouers se voertuie sonder die nodige toestemming om so te doen. Dit sal realisties wees om aan te neem dat hulle bewus was van die moeilikheid waarin hulle sou beland indien hulle gestop was deur die polisie. Dit sal dus ook realisties wees om aan te neem dat hulle sou bestuur op 'n manier wat die minste moontlike aandag sou trek. Weereens is die weergawe van die beskuldigdes meer realisties as die van die Staatsgetuies.

Indien ons aanneem dat daar inderdaad gejaag was, word die hoeveelheid aannames om die eerste insident te regverdig onredelik baie. Ons sal kan aanneem dat die Toyota Tazz sou sukkel om by te hou by die BMW selfs al het die Tazz ook gejaag. Die Staatsgetuies getuig dat hulle nie gejaag het nie en Magistraat Kotze korrigeer hulle getuienis namens hulle en verklaar dat hulle heel moontlik ook gejaag het. Indien hulle nie gejaag het nie, sou die onwaarskynlikheid van hulle getuienis net vererger het en daarom was dit nodig vir Magistraat Kotze om hulle getuienis aan te pas in 'n poging om die eerste aanval moontlik te probeer maak. Die Staatsgetuies getuig dat hulle afgedraai het vanaf Loislaan in Garsfonteinweg in terwyl beskuldigde-1 aangejaag het in Loislaan. Die Staatsgetuies het aangehou met Garsfonteinweg tot by Gen. Louis Bothalaan en dit toe gevolg tot naby aan Hans Strydomweg waar hulle regs gedraai het en kortliks weer regs gedraai het tot in William Nicolstraat om by die Qualilife gimnasium uit te kom. Hierdie area is Constantia Park. Indien ons op 'n kaart van die area kyk is dit duidelik dat hierdie roete noemenswaardig verwyder is van die roete soos beskryf deur beskuldigde-1 en sou dit 'n merkbare hoeveelheid tyd bygevoeg het op die rit-tyd en sodoende dan die waarskynlikheid van die eerste aanranding

verlaag het. Hierdie roete sal in meer besonderhede bespreek word later in hierdie afdeling.

Hierdie roete-afwyking is die bron van baie vrae waaronder die tyd wat dit by die rit sou voeg is. Elke stap van die eerste insident soos weergegee deur die Staatsgetuies moet afgetrek word van 14 minute. Moontlik nog minder as 14 minute indien ons die “vermiste oproep” aanvaar as die waarheid. Hierdie roete-afwyking is dan die eerste deel wat van 14 minute afkom. Indien ons volhou met die aanname dat beskuldigde-1 aanhou jaag het met Loislaan moet ons spekuleer waar presies hy sou gewees het teen die tyd wat die mense van voertuig twee klaar die persoon aangerand het. Volgens die foonrekords was voertuig een alreeds iewers in Moreleta Park. Hierdie afstand raak belangrik want dit moet dan teruggery word om die mense van voertuig een te help met die eerste aanranding. Hierdie tyd moet ook van die 14 minute afgetrek word. Hierdie alles volg nadat die Staatsgetuies tyd spandeer het om 'n oop kafee te soek om melk te koop en toe gestop het om die vermeende persoon aan te rand. Hulle was duidelik nie haastig nie, want Staatsgetuies getuig dat beskuldigde-2 uit die kar klim een van die Staatsgetuies vra om saam met hom te stap, sy spiere opwarm en die man dan in die gesig slaan. Dan stap hulle terug na die voertuig en ry terug na die Qualilife gimnasium toe, klaarblyklik onbewus van die feit dat die aangerande persoon dalk die polisie mag bel. Die tyd waarin hierdie drama afgespeel het moet dan ook van die 14 minute afgetrek word.

Na al hierdie gebeure telefoneer beskuldigde-1 dan een van die Staatsgetuies om uit vind waar hulle is en word dan ook ingelig te van die aanranding wat plaasgevind het. Die Staatsgetuies word dan deur beskuldigde-1 een versoek om net daar te wag totdat beskuldigde-1, 3 en 4 daar opdaag. Die Staatsgetuies getuig dat hulle ten minste 5 minute gewag het. Dit sou meer realisties gewees het indien die BMW aanhou jaag het op sy oorspronklike koers. Na al hierdie, indien ons die 5 minute aanvaar as die waarheid, moet die tyd wat dit geneem het om van Hatfield tot in Moreleta Park te ry in die laer tiene van minute wees en dit sal 'n fisiese onmoontlikheid wees. Weereens kom Magistraat Kotze tot die Staatgetuies se redding en pas

hulle getuienis aan om die moontlikheid van hulle weergawe meer geloofwaardig te maak. Hy verklaar dat in sy opinie is die 5 minute wagtyd verkeerd en hy maak 'n verspotte verwysing na die oproep om 02:09 (sien p818 vanaf r12 van die hofdokumente). Magistraat Kotze is desperaat om die storie van die Staatsgetuies geloofwaardig te maak en ek kan nie anders as om te vra hoekom nie. Magistraat Kotze skep die bewyse eerder as om dit op te weeg. Dit moet verkeerd wees.

Indien ons dan die wagtyd verkort en die aanranding van die eerste slagoffer deur die mense van die BMW insluit, bereik ons weereens 'n punt van ongelooflike spoed tussen Hatfield en Moreleta Park. Die probleem is dat die Tazz die bepalende faktor sou wees in die tyd kwessie en enige spoed teen die werkverrigting van Tazz gemeet sou word. Die Tazz was eerste op die toneel van die eerste aanranding na 'n noemenswaardige roete-afwyking soos voorheen beskryf. Dit alles het in minder as 14 minute gebeur. Hierdie spoed is lagwekkend vir die BMW, om nie eens te dink aan die Tazz nie. Die Advokaat vir die Staat, Adv. Kruger, probeer om die hof te oortuig dat dit 'n persoon minder as 30 sekondes sal neem om iemand aan te rand. Hy neem egter nie  die tyd in ag om terug te kom van waar ook al die BMW was op daardie stadium nie. Hierdie gebeurtenis is hoogs onwaarskynlik. Weereens pas die weergawe van die beskuldigdes makliker in die tydgrense in as die weergawe van die Staatsgetuies.

Indien ons aanneem dat hierdie aksie belaaide 14 minute wel plaas gevind het, volg dit dat die oproep om 02:57 dan die oproep was om van eindbestemming te verander asook om melk te koop. Op hierdie stadium raak dit nodig om uit te klaar hoekom daar van eindbestemming moes verander. Volgens die beskuldigdes was hulle almal op pad na die huis van Mev Wendy von Landsberg, twee van die Staatsgetuies se Ma, om potspel (pool) te gaan speel. Volgens die Staatsgetuies was hulle nooit op pad soontoe nie en was hulle eerder op pad na Augustahof 16 toe. Dit was 'n onbewoonde eenheid wat aan Mr. Hein von Landsberg, die vader van twee van die Staatsgetuies, behoort het. Hierdie teorie het 'n aantal gate in. Die Staatsgetuie, Heinrich von Landsberg, getuig dat hulle nooit op pad na sy Ma se huis toe was nie. Hy

gebruik hierdie argument om te verduidelik hoekom hulle in Garsfonteinweg afgedraai het uit Loislaan uit aangesien dit die mees direkte pad na Augustahof 16 toe sou wees. Sodra hulle dan regs draai in Gen. Louis Bothaweg, soos voorheen bespreek, maak hulle weergawe nie meer sin nie. Daar is verskeie vulstasies met winkeltjies in Garsfonteinweg en daar was dus geen rede om Constantia Park toe te gaan nie. Die Staatsgetuies getuig dan dat Constantia Park die enigste plek is wat hulle van weet met 'n kafee. Magistraat Kotze verklaar dat dit geloofwaardig is want Christo Bouwer, een van die Staatsgetuies wat in die Tazz gery het, is nuut in Pretoria. Hierdie is slegte logika. Die een rede is dat daar drie ander persone in die Tazz was wat Pretoria geken het. 'n Verdere rede is dat dit onredelik is om te verwag dat 'n gewone kafee oop sal wees net voor 03:00 in die oggendure. Daardie tyd van die oggend is 'n vulstasie die enigste sinvolle opsie. Hierdie teorie lei dan ook tot vrae en spekulasie oor hoekom die BMW dan aangejaag het op Loislaan. Dit is nie sinvol indien die eindbestemming 'n gemene saak was nie. Magistraat Kotze maak weereens 'n halfhartige verwysing na die feit dat Christo Bouwer, die bestuurder van die Tazz, nuut is in Pretoria. Hy ignoreer weereens die ander persone in die Tazz wat Pretoria al gewoond is. Hy slaag ook nie daarin om te verklaar hoekom die BMW dan aangehou het op die meer avontuurlustige roete indien die eindbestemming reeds ooreengekom was.

Nog 'n verdere probleem met die bogenoemde teorie is dat die Staatsgetuie, Heinrich von Landsberg, getuig het dat een van die oproepe , vermoedelik die een om 02:57 was om die eindbestemming na Augustahof 16 toe te verander asook om melk te koop by die Shell vulstasie. Indien hulle op daardie stadium eers eers besluit het om Augustahof 16 toe te gaan is die vorige getuienis van die Staatsgetuies vals. Nog iets vreemd is dat die kortste pad vanaf Constantia Park na Augustahof 16 sou dan wees om links te draai in Hans Strydomweg en dit dan te volg tot waar die Garsfonteinweg kruis. Geen een van die karre het enige besigheid gehad om in Rubensteinweg (Loislaan word Rubensteinweg na Hans Strydomweg) af te ry tensy hulle wel op pad was na Mev Wendy von Landsberg se huis nie. Het die beskuldigdes besluit om ver uit hulle pad te gaan in die hoop om iemand raak te loop om

aan te rand en te vermoor? Dit maak nie sin nie. Weereens is die getuienis van die beskuldigdes baie eenvoudiger as die van die Staatsgetuies. Die geloofwaardigheid van die Staatsgetuies is op hierdie stadium reeds ernstig aangetas.

Om die onwaarskynlikheid van die vorige argument verder uit te lig kan ons dan aanneem dat beide voertuie, vir watter rede ook al, voortgaan om in Rubensteinweg af te ry. Die rede hiervoor was nooit bespreek nie. Die enigste redelike verduideliking was die van beskuldigde-1 dat hulle op pad was na die huis van Mev. Wendy von Lansberg wat naby die parkie van die tweede insident bly. Die Staatsgetuies volg toe die BMW blindelings sonder om ooit 'n rede hiervoor te gee, moontlik omdat dit al die tyd die eindbestemming was. Op hierdie punt kan ons dan weereens aanneem dat die BMW oudergewoonte van die Tazz af wegjaag en die Tazz moet dan nog stop om melk te koop naby aan die eerste insident, skynbaar onbewus van- of ongestoord deur die misdaad wat hulle nou net gepleeg het. Dit maak glad nie sin nie. Met dit dan gesê, telefoneer beskuldigde-1 dan die mense in die Tazz om 02:59 om hulp te vra om vermeende inbrekers wat oor Witdoringlaan (langs die parkie in Moreleta Park) gehardloop het, aan te keer. Om uit Rubensteinweg uit te draai en in Witdoringlaan af te ry maak glad nie sin indien die eindbestemming Augustahof 16 was nie. Dit moet verder ook in ag geneem word dat al hierdie aksies wat na die eerste aanranding plaasgevind het in die twee minute tussen die 02:57 oproep en die 02:59 oproep gebeur. Om van Constantia Park tot by die parkie in Witdoringlaan te ry in minder as twee minute is 'n ernstige verbeeldingsvlug al neem ons aan dat beskuldigde-1 in die BMW soos 'n besetene gejaag het.

Op hierdie punt postuleer Magistraat Kotze dat die rede hoekom die Tazz in Wekkerstraat (een straat later as Witdoringlaan) regs gedraai het is duidelike bewys dat hulle nie op pad was na Mev. Wendy von Landsberg se huis nie (sien p823 vanaf r19 van die hofdokumente). Indien hulle soontoe op pad was sou beide voertuie mos in Witdoringlaan afgedraai het. Magistraat Kotze gaan verder om te sê dat die Tazz moes al verby Witdoringlaan op pad na Augustahof 16 gewees het toe hulle die oproep om hulp te vra gekry het.

Dit is geheel en al onredelik. Die Staatsgetuies getuig dat dit hulle ten minste 3 minute geneem het om by die park uit te kom. Dit sou vinniger gewees het indien hulle alreeds verby Witdoringlaan was en ons om gerieflikheidshalwe vergeet dat Witdoringlaan en Wekkerstraat skamele meters uitmekaar is. Dit is ook noemenswaardig dat Wekkerstraat ook verby die parkie ter sprake gaan. Dit argument word nog dunner indien ons voortgaan om aan te neem dat hulle 'n neiging het om te jaag. Ons weet op hierdie stadium dat die mense in die Tazz bewus was van die beskuldigdes se planne om vermeende inbrekers aan te keer en indien ons weereens 'n kaart van die area bestudeer is dit duidelik dat beide paaie verby die parkie gaan. Dit kon dus moontlik gewees het dat die mense in die Tazz instruksie gekry om in Wekkerstraat af te gaan of selfs op hulle eie besluit het om die inbrekers af te sny aan die ander kant van die parkie. Die werklike rede is onduidelik, maar die gekose roete is nie 'n onweerlegbare bewys van die Staatsgetuies se storie nie. Hierdie is nog 'n duidelike logika fout deur Magistraat Kotze.

Magistraat Kotze verwys na die laaste twee oproepe en verklaar dat beskuldigde-1 moes geweet het dat die Tazz naby was toe daardie oproepe gemaak is en dat die enigste moontlike punt van kontak die Qualilife gimnasium kon gewees het. Hy is wel korrek dat beskuldigde-1 geweet het die Tazz is naby, maar die aanname dat die gimnasium die enigste moontlike punt van kontak was is erg foutief en selfs lagwekkend (sien p827 vanaf r17 van die hofdokumente). Beskuldigde-1 het getuig dat hulle in konvooi saam gery het van Hatfield af tot by die kruising van Loislaan en Hans Strydomweg. Daar het hulle lank genoeg gestop vir beskuldigde-4 om uit die BMW te klim en na die Tazz toe te beweeg. Dit is Magistraat Kotze se mening dat indien die laasgenoemde punt van kontak waar was, is die laaste twee oproepe heeltemal onnodig (sien p823 vanaf r12 van die hofdokumente). Sy argument is verkeerd en weereens verspot. Om 'n voertuig in jou truspieël te sien verwyder nie moontlikheid om 'n oproep na iemand in daardie voertuig te maak nie. Dit gesê kan ek weer beaam dat die verduideliking van die beskuldigdes pas perfek in die oproepstruktuur in. Hierdie punt van kontak is by verre 'n meer eenvoudige weergawe van gebeure en indien nie die enigste opsie nie, dan ten minste die mees realistiese. Weereens jaag Magistraat

Kotze die komplekse weergawe met die meeste aannames ywerig na. Hy ignoreer alle ander moontlikhede wat met sy strewe mag inmeng. Die beskuldigdes was nooit 'n kans gegee in hierdie saak nie.

Om die hierdie insident nog meer ingewikkeld te maak verklaar Adv Kruger, aan die einde van die ondersoek hiervan, dat die Staatsgetuies moontlik 'n fout kon gemaak het oor die insident en dat dit moontlik op 'n ander dag kon gebeur het en hy daarom nie 'n groot bohaai wil maak daaroor nie.

*"Edel Agbare, oor hulle getuienis daarop kan hulle dit dalk verwar het met 'n ander dag. Dit is hoekom ek nie hard wil betoog oor hierdie klagte nie."* (sien p792 vanaf r20 van die hofdokumente)

Adv Kruger, voer 'n reuse hoeveelheid twyfel oor die eerste insident in die argument in maar Magistraat Kotze kies om dit geheel en al te ignoreer om sodoende die beslissing na te jaag wat hy so duidelik alreeds gekies het. Dit is ook belangrik om te merk dat alhoewel hierdie mense mekaar meestal geken het, was hulle nie almal gereelde vriende nie en sou enige aksie op 'n ander dag nie dieselfde groep mense ingesluit het nie. Die beskuldigdes ontken die insident, die Staat betwyfel die insident, maar Magistraat Kotze is oortuig daarvan dat dit wel gebeur het. Die beskuldigdes word die voordeel van die twyfel geweier en dit is ongrondwetlik.

Hierdie insident is deurtrek met twyfel en onwaarskynlikhede. Die weergawe van die Staatsgetuies is geweldig kompleks en soos ek gewys het amper onmoontlik om in die raamwerk te pas wat deur die telefoonoproepe geskep is. In teenstelling hiermee is die weergawe van die beskuldigdes eenvoudig sonder toertjies en kan maklik in die raamwerk van die oproepe pas. Ten spyte hiervan word die beskuldigdes die voordeel van die twyfel geweier wat Magistraat Kotze pertinent in die begin van sy beslissing belowe. Daar bestaan geen twyfel by my dat Magistraat Kotze ernstige foute in sy logika gemaak het oor hierdie insident wat hy dan later dan gebruik om opset te bewys vir die tweede insident. Hierdie is 'n reuse fout en op hierdie stadium is die onafhanklikheid van die Magistraat onder ernstige verdenking en so ook enige kans vir 'n regverdige verhoor.

## *3.2) Insident 2: aanranding en vermeende moord in Moreleta Park*

Die enigste fisiese bewyse vir hierdie insident is 'n liggaam wat twee dae na die insident ter sprake gevind is in dieselfde parkie. Die liggaam het sekere beserings gehad wat kon strook met aanranding, maar dit was ver van seker. Dit is ook belangrik dat daar 'n tekort aan sekere beserings was wat 'n mens sou verwag van 'n aanranding soos beskryf deur beide die Staatsgetuies en beskuldigdes. Die beskuldigdes het erken dat hulle 'n man in daardie park aangerand het en selfs dat die aanranding redelik geweldadig was. Hulle ontken dat hulle die persoon doelbewus of andersins vermoor het. Dit is sekerlik moontlik dat die persoon kon sterf as gevolg van die aanranding, maar dit sal moet bewys word bo 'n redelike twyfel. Magistraat Kotze maak grootliks staat op die getuienis van die Staatsgetuies in sy argumente. Ongelukkig, soos in die vorige insident, is sy logika erg gebrekkig.

Voordat Magistraat Kotze sy argument oor die tweede insident begin, lys hy 'n aantal voorbeelde waar die Staatsgetuies foute gemaak het in hulle getuienis (sien p828 vanaf r17 van die hofdokumente). Hy verklaar dan dat dit, in sy opinie, glad nie hulle geloofwaardigheid aantas nie. Vir my is dit duidelik dat hulle geloofwaardigheid op hierdie stadium erg aangetas is, maar Magistraat Kotze jaag sy gekose uitkoms hardkoppig na. Magistraat Kotze stel ook op hierdie stadium dit pertinent dat die verdedigingsspan nooit die geloofwaardigheid van die Staatsgetuies bevraagteken het oor die moord nie (sien p828 vanaf r24 van die hofdokumente). Dit na die verdediging tot groot lengtes gegaan het om te bewys dat die liggaam wat gevind is nie die persoon is wat aangerand is nie. Verstommend genoeg stel die Magistraat dan die die tekort aan mediese bewyse om die Staatsgetuies se storie te beaam affekteer glad nie hulle geloofwaardigheid nie (sien p829 vanaf r6 van die hofdokumente). Hoe kan dit aanvaarbaar wees? Sou dit nie sinvol gewees het om ten minste die moontlikheid te ondersoek dat die Staatsgetuies

verkeerd is nie? Indien hulle getuienis volledig aanvaar word sonder enige agterdog kan ek nie sien watter gewig die fisiese bewyse op hierdie stadium nog dra nie. Hierdie bleik nie goed te wees vir die beskuldigdes nie.

Magistraat Kotze beweer dat beskuldigde-1 nie baie geloofwaardig is as getuie nie gebaseer op sy getuienis oor die vorige insident. Hy gaan voort om te sê dat sommige van sy antwoorde getuig van verstommende arrogansie (sien p831 vanaf r13 van die hofdokumente). Soos ek voorheen bewys het is die getuienis van beskuldigde-1 ver makliker om te vereenselwig met die beperkte bewyse as die van die Staatsgetuies. Wat die arrogante antwoord betref verwys Magistraat Kotze na een spesifieke antwoord. Toe daar aan beskuldigde-1 gevra is hoekom hy die mes weggegooi het, het hy geantwoord dat sy Ma hom geleer het om nie met 'n mes te hardloop nie. Gegee dat hierdie 'n ondeurdagte antwoord is, kan 'n mens nie aanvaar dat dit sy hele getuienis ongeldig maak nie. Indien dit die geval was moes die Staatsgetuies se getuienis alreeds halfpad deur die vorige insident verwerp geword het. Wat sal 'n persoon se gedagtegang wees wat in die middel van die nag oor ongelyke terrein hardloop met 'n gevaarlike voorwerp in sy hand? Is daar 'n klein moontlikheid dat hy sonder om te dink opgetree het en nie op hierdie stadium aan 'n sinvolle antwoord kan dink om sy aksies te regverdig nie? Sou iemand wat uit was om te moor nie meer versigtig opgetree het met bewysstukke nie?

Oomblikke vroeër het die Magistraat gesê dat ons moet onthou dat ons met kinders werk en dat ons nie kan verwag dat hulle denkpatrone dieselfde sal wees as volwassenes nie (sien p825 vanaf r20 van die hofdokumente). Alhoewel hy beweer dat hierdie vir beide die beskuldigdes sowel as die Staatsgetuies tel, pas hy dit slegs toe op ongewone aksies en stellings van die Staatsgetuies. Dit is ook my mening dat arrogansie, onder geen omstandighede, iemand se skuld bevestig nie. Die beskuldigde kon onder die indruk gewees het dat hy onskuldig is totdat die Staat dit anders bewys het en dat sy skuld bo 'n redelike twyfel bewys moet word. Magistraat Kotze se partydigheid is pynlik duidelik op hierdie stadium.

### 3.2.1) Opset

Die eerste aspek wat Magistraat Kotze aanspreek is die opset om te moor. Soos met meeste van sy argumente is hierdie een ook deurtrek met wlide aannames wat die twyfel eerder uitlig as verwyder. Magistraat Kotze verwys na sekere optredes van beskuldigde-1 wat volgens hom 'n aanduiding is van kennis slagoffer se onvermydelike dood (sien p832 vanaf r8 van die hofdokumente). Die Staatsgetuies beweer dat beskuldigde-1 en beskuldigde-3 gestry het oor wie se skuld dit sou wees indien die onbekende man sou sterf. Die beskuldigdes ontken hierdie stelling. Beskuldigde-1 een beweer dat hy nie kan onthou oor wat hulle presies gesels het na die aanranding nie. Volgens Magistraat Kotze is dit duidelike bewys dat hy lieg. Moet die Magistraat se teorie van geheue-verwering nie ook in gelyke maat vir die beskuldigdes tel nie? Ek vermoed dat die korrekte stelling is dat hy moontlik lieg. Die enigste informasie wat 'n mens kan gebruik is dus die getuienis van die Staatsgetuies. Vir Magistraat Kotze is hulle onfeilbaar, maar soos ek alreeds gewys het is hulle weergawe van gebeure erg verdag. Nog 'n punt om te oorweeg is ten minste een van die Staatsgetuies, Heinrich von Landsberg, aktief betrokke was by die aanranding. Hy verduidelik dat hy halfhartig na die slagoffer geskop het as gevolg van groepsdruk. Kan 'n redelike persoon sy getuienis aanvaar sonder enige twyfel. Magistraat Kotze maak geweldig baie staat op die getuienis van Heirich von Landsberg. Moet 'n mens nie oorweeg dat die persoon sy eie rol in die aanranding afskaal en die ander s'n opblaas in 'n poging om homself te beskerm nie? Die Staatsgetuies was gewaarsku dat hulle dalk getuienis mag gee wat hulle self kan inkrimineer. Hy het volledige kennis van dit gehad. Kan sy getuienis werklik aanvaar word as onfeilbare waarheid? Moet 'n mens nie ten minste oorweeg dat hy onbewustelik of andersins probeer om die aandag van homself af te verplaas nie? Daar is 'n enorme hoeveelheid twyfel hier en geen realistiese manier om dit te verwyder nie. Die voordeel van die twyfel behoort na die beskuldigdes toe te gaan soos duidelik gestel deur Magistraat Kotze tydens die opening van sy beslissing.

Magistraat Kotze beweer dat die stelling dat hulle messe saam met hulle geneem het in die parkie in al het hulle nie bedoel om dit te gebruik nie, is glad nie geloofwaardig nie en dus was hulle te alle tye van plan om die messe te gebruik. Hierdie is 'n ondeurdagte aanname en die Magistraat moes dinge in ag neem soos die kind-mentaliteit waarna hy vroeër verwys het asook die feit dat daar drie vermeende inbrekers was wat in die parkie ingehardloop het en die seuns ook net bang kon gewees het. Dit is alles moontlikhede wat dit fisies onmoontlik maak vir die Magistraat om sonder huiwering te beweer dat die beskuldigdes beslis die wapens wou gebruik.

In ieder geval getuig die een van die Staatsgetuies dat toe hulle daar aankom het beskuldigde-1 agter die onbekende man gestaan en steekbewegings na sy kop en skouers toe gemaak terwyl beskuldigde-3 in 'n gehurkte posisie voor die man gestaan het en steekbewegings na sy bene gemaak het. Die getuie beweer dat hy nie kon sien of enige een van die twee beskuldigdes messe in hulle hande gehad het nie en hy kon ook op geen stadium sien dat hulle kontak met die man gemaak het nie. Die wond van die onbekende liggaam was aan die agterkant van die persoon se bobeen en daar is nooit getuig dat enige steekbewegings daar uitgevoer is nie. Daar is ook, interessant genoeg, geen ander steekwonde of snye of verdedigingswonde op die oorledene se liggaam of hande nie. Daar is wel twee klein wonde op die oorledene se kop, waarvan een alreeds 'n roof begin vorm het en die ander min of geen bloeding gehad het nie. Indien ons hierdie wonde insluit as meswonde sal ons dan die hameraanval, soos later deur die Staatsgetuies beweer is, uitsluit. Daar is dus geen sny- of steekwonde op die liggaam op die plekke waar die aanval plaasgevind het nie en daar is ook geen bloederige messe gevind nie. Op hierdie stadium is daar geen fisiese verbinding tussen die aksies van die beskuldigdes en die wond op die oorledene nie. Dit is alles omstandigheidsgetuienis. Bewys dit opset bo 'n redelike twyfel? Nie volgens my nie! Dit is sekerlik moontlik dat hulle bedoel het om die persoon in die park te vermoor, maar dit is beslis nie noodwendig waarskynlik nie en dit is 'n groot onderskeid om te tref. Dit is moontlik dat hulle die vermeende inbreker met die mes gesteek het, maar daar is niks wat dit waarskynlik maak nie. Moet die voordeel van hierdie twyfel nie na die

beskuldigdes toe gaan nie soos deut Magistraat Kotze gesê is tydens die opening van sy beslissing?

Die derde poging om opset te bewys gaan oor die oproep wat beskuldigde-1 na die polisie toe gemaak het om hulle attent te maak op 'n versteuring in die park. Gedurende hierdie oproep het beskuldigde-1 verkeerde kontakinformasie aan die polisie gegee. Volgens Magistraat Kotze maak hierdie erkenning van beskuldigde-1 'n selferkende leuenaar en is dit nog 'n rede hoekom sy getuienis verwerp word. Vir interessantheidshalwe word beskuldigde-1 se getuienis net verwerp waar dit met die Staatsgetuies verskil (sien p834 vanaf r13 van die hofdokumente). Hierdie is nie heeltemal regverdig nie. Ons moet in ag neem dat beskuldigde-1 getuig van 'n leuen wat hy drie jaar gelede vertel het. Hier ook behoort die kind-mentaliteit ter sprake te kom. Hierdie kan hom glad nie as geheel en al onbetroubaar bewys nie. Ons moet ook merk dat die beskuldigdes besluit het om die waarheid te praat oor die man wat hulle aangerand het in die park en sodoende hulself op die misdaadtoneel te plaas. Dit sou sekerlik veel makliker gewees het om te lieg oor die aanranding en die bewyslas vir die Staat te los. Dit sou 'n baie moeiliker saak gewees het om te bewys. Wat die oproep na die polisie betref is dit moeilik om te verstaan hoekom iemand wat 'n vreemdeling opsetlik en koelbloedig vermoor het enigsins die aandag van die polisie na die misdaadtoneel wil trek. Dit sou baie arrogant wees. Kan dit moontlik wees dat hy die vermeende inbreker wou rapporteer maar ook deeglik bewus was van die feit dat die arrestasie-poging hande uit geruk het. Die beskuldigdes sou in die moeilikheid gewees het oor die aanranding, nie net by die polisie nie, maar ook by hulle ouers en dit kon moontlik 'n faktor gewees het in die besluit om valse informasie te verskaf. Hier kan ons weer Magistraat Kotze se argument toepas dat hulle nie dieselfde redenasievermoë het as 'n volwassene nie. Die aanname dat hy probeer het om 'n moord te verberg is nie die enigste moontlike verduideliking van sy aksies nie en dit blyk ook die mees onwaarskynlikste een te wees. Hierdie bewys glad nie opset nie. Magistraat Kotze se perspektief is erg verwronge.

Magistraat Kotze se volgende poging om opset te bewys is gebore uit die bewering dat sekere individue terug gegaan het parkie toe om te soek vir die messe en die hamer. Dit was 'n gebeurtenis wat deur die Staatsgetuies beskryf is. Die beskuldigdes ontken hierdie gedeelte onvoorwaardelik. Die Staatsgetuies vererger die aanranding deur te getuig dat slagoffer nog lewendig was toe hulle daar aankom en ook om hulp gesmeek het. Beskuldigde-2 het toe voortgegaan om hom weereens in die gesig te skop. Indien ons aanneem dat hierdie gebeurtenis wel plaasgevind het, is dit onduidelik hoekom hulle die slagoffer net geskop het. Indien hulle van die begin af bedoel het om die persoon te vermoor en hom later toe lewendig aangetref het, sou dit redelik wees om te dink dat hulle hierdie keer seker sal maak dat hy sterf en nie met die polisie kan praat nie. Hierdie soektog en verdere aanranding vind ook nou plaas terwyl die polisie alreeds op pad na die park kan wees na aanleiding van die oproep vroeër. Hierdie getuienis veroorsaak net meer twyfel en verweer die geloofwaardigheid van die Staatsgetuies steeds verder. Ten spyte van die twyfel wat hier bestaan gebruik Magistraat Kotze hierdie insident as bewys van hulle wreedaardige natuur later tydens vonnisoplegging.

### 3.2.2) Die liggaam

Hierdie is waarskynlik die mees omstrede komponent van hierdie saak en die aannames wat oor die liggaam gemaak word is skokkend. Die liggaam van die oorledene is twee dae na die aanranding deur die polisie in die parkie gevind. Een van die Staatsgetuies getuig dat hy later daardie dag terug gegaan het na die toneel en die liggaam van die oorledene daar gekry presies waar hulle hom gelos het vroeë daardie oggend. Hy merk dat die lug dik is met die reuk van bloed. Hy gaan dan voort om te “toets” of die persoon dood is deur hom saggies met 'n gholfbal-grootte klip op die kop te gooi. Hy het voor die hofsaak aan 'n onderwyser beken dat hy die lyk met 'n halwe baksteen gegooi het. In die hof getuig die Staatsgetuie dat hy nie kan onthou wat hy aan die onderwyser gesê het nie. Van foto's 8 en 9 is daar geen teken

van 'n klip van enige merkbare grootte naby die liggaam nie. Indien hy saggies gegooi het sou die klip nie ver van die lyk af te lande gekom het nie.

Van die fotos en getuienis van Inspekteur Jan Viljoen, die persoon wat die misdaadtoneel ondersoek het, was daar geen bloed, anders as die wat in die slagoffer se kleure opgeneem is, op die toneel self gekry nie. Hy getuig dat indien daar enige bloed op die toneel was dat hy dit sou afneem. Hierdie getuienis is teenstrydig met die vorige stelling dat die lug dik was met die reuk van bloed.

Volgens die mediese spesialiste wat getuig het in die saak, sal 'n persoon van soortgelyke bou as die slagoffer tussen 6 en 8 pinte (3 tot 4 liter) bloed moet verloor om dood te bloei wat volgens die nadoodse-ondersoek die oorsaak van dood was. Daar is geen teken bloed op die toneel nie. Volgens 'n weerstasie in die area was daar 1.2mm reën daardie nag. Die Staatsgetuie, Heinrich von Landsberg, getuig dat dit reeds liggies gereën het teen die tyd wat hulle by die park aangekom het. Dit sal dan beteken dat die aanval begin het nadat die reën begin het. Gegee die klein hoeveelheid reën kan ons 'n redelike aanname gemaak het dat die nie vir lank daarna aangehou het nie. Magistraat Kotze besluit dat die reën genoegsaam was om al die bloed van die toneel te spoel. Hierdie geheel en al onredelik. Die liggaam het op gras en blare gelê en 'n redelike persoon sou kon verwag dat daar een of ander teken van so 'n groot hoeveelheid bloed oorgebly het al was die reën veel erger. Die fotos wys geen teken van verkleuring in die onmiddellike omgewing nie. Inspekteur Jan Viljoen sê dat, in sy ondervinding, sal bloed nie so maklik in die grond in syfer nie. Daar is dan 'n poging voorstel dat die Inspekteur nie kan verwag om al die sake te onthou wat hy ondersoek nie en daarom mag daar dalk bloed gewees het op die toneel. Hierdie stelling faal vir 'n aantal redes. Eerstens het die Inspekteur duidelik gestel dat bloedvlekke belangrik is vir sy ondersoek en as deel van sy werk sou hy dit afgeneem het. Die ander rede is dat die Staatsgetuies getuig het dat die oorledene gevind is soos hy deur hulle almal gelaat is. Foto 8 en 9 wys die slagoffer op sy rug met die beseerde been plat op die grond. Ons kan dan met redelike verwagting aanneem dat die area onder sy been duidelike tekens van bloed sou wys. Die

posisie van die liggaam sou ook die bloedvlek beskerm het teen enige matige reën veral 'n bui wat net 1.2mm lewer.

Die pataloog, Dr van der Hoven, beweer dat die persoon se klere deurtrek was met bloed en dat klere maklik 6 tot 9 pinte bloed kan absorbeer. Hierdie feit is nooit in haar verslag genoem nie. Indien ons dan Magistraat Kotze se logika volg dat sy ook nie al die sake kan onthou wat sy op gewerk het nie moet ons dan aanvaar dat haar verslag die naaste is wat ons kan hoop om aan die waarheid te kom. 'n Ander mediese spesial, Dr van den Bout ('n trauma-chirurg), is van die opinie dat klere miskien een pint bloed kan absorbeer voordat dit begin uitlek. Die posisie van die liggaam bied ook 'n verdere uitdaging vir die bloedvloei. Die wond was plat op die grond en basiese vloeidinamika maak die onwaarskynlik dat die bloed op en af in die persoon se klere gevloei het eerder as om reguit grond toe te syfer. Het swaartekrag opgehou om te bestaan in die area? Indien ons dat aanneem dat swaartekrag nog van toepassing is is dit meer waarskynlik dat die bloed direk deur die klere na die grond toe gesyfer het.

Terwyl ons op die onderwerp van bloedvloei is, is dit insiggewend om te merk dat die bloed op die slagoffer se been vanaf die wond na die binnebeen en dan op na die boude gevloei het (foto 12). Daar is min of geen bloed aan die buitekant van die beseerde been nie. Dit strook nie met die posisie waarin die liggaam gekry is nie. Die oorledene het plat op sy rug gelê met die knieg van die beseerde been effens na buite toe gedraai. Hierdie posisie stel voor dat daar bloedvloei na die buitekant van die been moes gewees het eerder as die binnebeen. Hierdie stel dan voor dat daar 'n moontlikheid is dat die liggaam geskuif is na dood en dalk self in die park gegooi is na die aanranding plaasgevind het. Hierdie is natuurlik spekulasie, maar dit stel dan nuwe moontlikhede en verdere twyfel voor. Dit volg dan dat Magistraat Kotze nie eenvoudig net kan aanvaar dat dit dieselfde persoon is wat aangerand is. Dit is nie meer die enigste redelike verduideliking nie. Dit beklemtoon net verder die absolute belangrikheid van die fisiese bewyse en dit maak die getuienis van die Staatsgetuies selfs meer verdag. Die beskuldigdes het wel getuig dat die persoon wat hulle aangerand het 'n groter

bou gehad het. Dit maak ook die duidelike tekort aan beserings wat kan verband hou met 'n ernstige aanranding, meer verstaanbaar.

Die werklike aard van die oorledene se wonde is nog 'n punt wat vurig gedebatteer is. Daar is geen bewyse wat uitsluitlik bewys dat die wonde deur 'n hamer of 'n mes veroorsaak is nie. Die spesialiste getuig dat miskien 'n mes kan wees, maar op geen stadium impliseer hulle dat dit waarskynlik 'n mes is nie. Dr. van der Hoven, die patoloog, getuig dat die wond op die been moontlik deur 'n steakmes gemaak was indien die steekaksie deur 'n snyaksie gevolg was. Die rante van die wond wys egter geen tekens van veelvuldige sny-aksies nie. Dr. van den Bout, 'n dokter met omvattende trauma ervaring, wys uit dat die rante van die wond gerond is. Volgens hom sal 'n mes 'n skerper rant los aan die snykant. Nog 'n punt om op te let is dat die wond nie eenvormig wyd is nie. Slegs die oppervlakte is wyd oop terwyl die middel van die wond klein, konies en diep is. Die vorm van die wond strook glad nie met 'n steek en sny aksie nie. Dr. van den Bout spekuleer dat die wond eerder deur 'n palissadeheining veroorsaak is en Magistraat Kotze verwerp hierdie opinie dadelik omdat Dr. Van den Bout nie 'n palissade-spesialis is nie. Dr. van der Hoven, die patoloog, sê dat sy eers die palissade moet sien voor sy daaroor kan kommentaar lewer. Sy het egter geen probleem om te spekuleer oor die mes sonder dat sy dit gesien het nie. Dit is ook vreemd om te merk dat die langer sy van die wond horisontaal lê. Die slagoffer het gestaan toe die steekbewegings gesien is deur die Staatsgetuies. Om dus hierdie wond te veroorsaak moes die mes dwars gedraai gewees het en die snybeweging dan dwars oor die been gedoen word. Dit is nie noodwendig onmoontlik nie, maar dit is 'n onnatuurlike aksie met 'n mes op daardie hoogte. Die Staatsgetuies het nie enige ander posisie van die liggaam beskryf wat hierdie aksie meer realisties sou maak nie. Magistraat Kotze sê dat foto 12, 'n nabyskoot van die wond, Heinrich von Landsberg se getuienis bevestig (sien p844 vanaf r5 van die hofdokumente). Hy gaan dan voort om te sê dat die enigste redelike afleiding om te maak is dat een van die beskuldigdes die persoon gesteek het (sien p844 vanaf r11 van die hofdokumente). Hierdie is hoegenaamd nie waar nie. Dit is 'n moontlikheid, maar 'n baie onwaarskynlike een. Die twyfel om die wond is enorm.

Indien ons na die kopwonde kyk, volgens bewering met 'n hamer veroorsaak, is daar onmiddellik 'n aantal ongerymdhede wat uitstaan. Eerstens is daar die storie van die Staatsgetuies. Hulle beweer dat hulle twee van die beskuldigdes gesien het steekbewegings na die slagoffer maak toe hulle daar aankom (soos voorheen verduidelik), waarna die slagoffer op die grond geval het en hulle hom toe geskop en toegetakel het. Op hierdie stadium het beskuldigde-2 teruggestaan en die slagoffer in die gesig geskop met staalpuntskoene wat hulle later ontdek het is ingeduik deur die mag van die skop. Hulle het toe weggehardloop. Die Staatsgetuie, Reinhart von Landsberg, getuig dat hy na al hierdie aksie gesien het dat beskuldigde-4 die man op die kop slaan met 'n hamer. Sy getuienis sê dat beskuldigde-4 die man so hard geslaan het dat hy op sy knieë geval het na die eerste hou en na die tweede hou het hy plat op die grond geval. Die probleem kom in dat volgens ander getuienis was die man alreeds op die grond was geskop en gekneus. Niemand het ooit getuig dat hulle weer sien opstaan nie. Die ander probleem is dan ook die gebrek aan enige skedelbesering. Magistraat Kotze meen dat dit 'n klein hamer was en dit dalk net die persoon se kop skrams getref het. Dr. van der Hoven sê dat hierdie bewering moontlik kan wees maar sy dui op geen stadium waarskynlikheid aan nie. Dit strook ook nie heeltemal met die beskrywing van die Staatsgetuie nie. Dit is onwaarskynlik dat 'n klein hamer wat iemand skrams tref hom op sy knieë sal dwing en dan plat op die grond veral dan as die persoon vir sy lewe baklei soos geïmpliseer. 'n Verdere probleem word uitgelig deur die nadoodse-ondersoek wat dit stel dat een van die twee wonde op die lyk se kop het alreeds begin met roofvorming. Indien hierdie wonde op die kop werklik deur die hamer veroorsaak is kan ons sê dat hulle in 'n relatiewe kort tydjie op mekaar volg en kan ons verwag dat die twee wonde van soortgelyke struktuur en ouderdom behoort te wees. Dit is dan waarskynlik dat die een wond aansienlik ouer is as die ander. Wat ook verder interessant is, is dat die jonger van die twee wonde ook geen merkwaardige tekens van bloeding wys nie (foto 14). Daar is wel 'n klein smeersel bloed, maar uit persoonlike ondervinding weet ek dat 'n kopwond nogal baie bloei. Dit kan 'n aanduiding wees van wanneer die wond gebeur het. Alhoewel hierdie spekulasie is, lig dit tog die groot hoeveelheid twyfel oor daardie

wonde uit. Hierdie vererger net die groot hoeveelheid twyfel wat alreeds bestaan om die bewys dat die lyk wel die aangerande persoon is. Magistraat Kotze hou vol dat dit die enigste redelike afleiding wat hy kan maak is dat daardie wonde wel deur die hamer veroorsaak is (sien p845 vanaf r7 van die hofdokumente). Daar is nie 'n greintjie bewyse wat dui op 'n waarskylikheid nie. Die beste wat die Magistraat op kan hoop is moontlikheid en dan is dit 'n geweldige onwaarskynlike moontlikheid indien ons die verskille in die wonde in ag neem. Hierdie aannames van die Magistraat is onredelik en sonder enige logiese steun.

Een van die grootste vraagstukke is die gebrek aan gesigsbeserings asook liggaamsbeserings wat 'n mens sou verwag in so 'n geweldadige aanranding. Magistraat Kotze gebruik die subdurale bloeding wat in die nadoodse-ondersoek uitgewys is (sien p846 vanaf r7 van die hofdokumente). Die verslag stel dat hierdie bloeding gering is en dat daar geen ander versteuring van die brein se strukture is nie. Alhoewel hierdie deur 'n skop in die gesig veroorsaak kan word, sal die gebrek aan gesigsbeserings ons noop om die geweldadigheid van die aanranding dramaties af te skaal en dit sal dan nuwe uitdagings vir die Staat se saak veroorsaak. Dit sal onder andere ook die geloofwaardigheid van die Staatsgetuies verder aantas. Magistraat Kotze probeer dan argumenteer dat Dr. Van der Hoven nie noodwendig alle beserings, soos byvoorbeeld skrape en snye, sal opskryf nie (sien p849 vanaf r4 van die hofdokumente). Dr. van der Hoven het duidelik getuig dat sy alle beserings sou aanteken en indien ons kyk na die fotos wat ingedien is kan ons geen sulke beserings optel nie. Om die eerlike waarheid te sê kan ons geen tekens van 'n stoeiery optel vanaf fotos 8, 9, 10, 11, 14 and 15. Die slagoffer se vel is skoon en daar is geen tekens van rek- of skeurmerke nie. Indien die genoeg gereën het om 6 tot 8 pinte bloed weg te was kan ons sekerlik modder op die slagoffer se klere verwag indien vyf mense hom geskop het en op hom gespring het. Daar is ook geen verwysing in die lykskouingsverslag na 'n skeur in die slagoffer se broek wat sou ooreenstem met die wond in sy been nie. Is dit moontlik dat die slagoffer klere verwissel het tussen die tyd wat hy die wond gekry het en gesterf het? Dit sal meer ooreenstem met die 24 tot 48 uur wat die twee spesialiste geskat het dit sou

vat om dood te bloei. Dit skep net meer vrae oor die liggaam. Dit is ook duidelik dat Magistraat Kotze aanvaar Dr. Van der Hoven se getuienis in sekere gevalle en dan bevraagteken hy haar professionaliteit wanneer haar getuienis nie sy eie opinie ondersteun nie (sien p849 vanaf r4 van die hofdokumente). Hierdie gedrag is baie verdag. Is die Magistraat nog onpartydig en regverdig?

Magistraat Kotze haal die saak aan van die Staat vs. Bernardus 1965(3 ) SARV 287 (Appèlhof) waar daar beweer word dat 'n menslike liggaam is vol onreëlmatighede en dat dood soms deur die geringste aanranding veroorsaak kan word (eierdopskedel-teorie) (sien p846 vanaf r20 van die hofdokumente). Hierdie saak is geheel en al onvanpas aangesien die oorsaak van dood onvoorwaardelik as ernstige bloedverlies bepaal is. Die persoon het nie onverwags aan 'n ligte aanranding beswyk nie. Die Magistraat probeer om die tekort aan bewyse te regverdig eerder as om die beskikbare bewyse op te weeg. Op hierdie punt spekuleer hy dat die aanranding moontlik nie so geweldadig was soos deur die Staatsgetuies beskryf nie, maar later verdoem hy die beskuldigdes op hulle wreedaardige optrede. Magistraat Kotze is geweldig veranderlik met sy toepassing van logika. Hy hou vol met die eierdopskedel-teorie (sien p847 vanaf r10 van die hofdokumente) om sy vorige argument te staaf en sê dan dat die slagoffer duidelik nie 'n eierdopskedel gehad het nie omdat daar geen merke is wat kenmerkend sou wees van 'n aanranding nie. Hierdie is absurd en lagwekkend. Hy mag dalk 'n sterk skedel gehad het, maar kan ons daardie teorie deurvoer vir sy vel, neus, tande en ribbes ook? Dit is verspot. Dit sou redelik wees om te verwag dat daar ten minste bloed uit sy neus of ore kom, stukkende tande en moontlike snye of skrape, kneusing, verkleuring of swelling van sy vel. Op foto 10 kan ons duidelik sien dat daar absoluut niks van hierdie tipe beserings teenwoordig is nie. Hierdie is hoogs onwaarskynlik. Magistraat Kotze hou hardkoppig vol om moontlikheid met waarskynlikheid te verwar tot nadeel van die beskuldigdes. Sy aannames word nou so grof dat dit duidelik is dat daar geen bewyse is wat nou die beskuldigdes kan red nie.

'n Verdere twispunt is die tyd wat dit geneem het vir die slagoffer om te sterf. Die patoloog het getuig dat daar geen slagare of ander groot are afgesny is in die area van die wond nie en dat bloedverlies stadig gebeur het. Dr. van den Bout het in sy verslag geskryf dat erge bloedverlies in 'n kort tyd beslis duidelike tekens van skok nalaat in sekere plekke soos byvoorbeeld die brein en longe. Hy is van mening dat indien sulke tekens teenwoordig was sou Dr. Van der Hoven hulle opgemerk het. Beide spesialiste stem saam dat bloedverlies geleidelik gebeur het oor 'n tydperk van 24 tot 48 uur. Hierdie is geheel en al onversoenbaar met die getuienis van die gebeure. Eerstens, volgens die Staatsgetuies, is die liggaam gevind waar hulle dit gelaat het. Dit kon slegs moontlik gewees het indien die persoon tot so 'n mate vermink was dat hy glad nie in staat was om te beweeg vir 24 tot 48 uur nie. Daar is egter geen beserings aan die slagoffer se lyf wat dit sal regverdig nie en tweedens is daar die tekort aan bloed op die toneel om daardie teorie te staaf. Indien ons dan aanvaar dat hulle teruggekom het om te soek vir die wapens, weet ons dat die persoon by sy bewussyn was en om hulp gevra het toe hulle daar aankom. Die probleem is dat met slegs 'n gat in sy been en geen ander beserings nie sou 'n mens verwag dat hy ten minste 'n poging aan sou wend om weg te kom van die toneel af. Indien ons aanneem dat hy op hierdie stadium vir sy lewe gevrees het sal dit sekerlik redelik wees om te verwag dat hy sou poog om te ontsnap ongeag van die pyn in sy been al beteken dit dan dat hy moes kruip of rol of selfs op een been hop. Indien ons na die anderkant toe oorhel en aanneem dat die aanranding so lig was om geen merke te laat nie sou ons dan verwag die persoon het daar gesterf van erge bloedverlies in 'n kort tyd en die gepaardgaande skok. Dit sal ons dan los met die vrae oor waar die bloed is asook waar die tekens van skok is. Hierdie alles wys net op die onwaarskynlikheid van die gebeure soos weergegee deur die Staatsgetuies en aanvaar deur Magistraat Kotze.

Ter afsluiting is daar nog 'n paar ongerymdhede wat ondersoek kan word rakende die gebeure wat die aanranding gevolg het. Indien ons dan aanvaar dat bloedverlies vinnig gebeur het sou ons verwag dat die wonde bloed sou uitspuit teen 'n merkbare tempo. Die Staatsgetuies getuig dat iemand bloed van die hamer af gewas het by Augustahof 16. Toevallig strook

dat dan ook nie met die getuienis dat hulle eers later teruggegaan het om die messe en hamer te soek nie en is dit ook interessant dat ten tye van die hofverrigtinge was die hamer en messe nog steeds weg was. Om terug te kom na die bloederige hamer. Indien dit so onvergeetlik was, hoekom het niemand getuig van iemand wat bloed van sy hande of selfs van die binnekant van die BMW af gewas het nie. Dit sou tog ook onvergeetlik gewees het.

'n Ander punt om te oorweeg is die posisie van die slagoffer se skoene, Beide skoene was verwyder en het langs die liggaam gelê met een by die slagoffer se kop en die ander by sy linkerhand (fotos 8 en 9). Hierdie mag dalk niks beteken nie, maar nêrens is daar genoem dat hulle die persoon se skoene verwyder het nie. Die persoon moes sy skoene aangehad nadat hy die wond in sy been opgedoen het aangesien die patoloog se verslag noem dat daar bloed in die een skoen is. Dit mag dalk niks bewys of weerspreek nie, maar dit veroorsaak tog twyfel oor die Staatsgetuies se weergawe van die gebeure.

Daar is werklik baie teenstrydighede oor hierdie gebeurtenis. Die fisiese bewyse ondersteun glad nie die Staatsgetuies se getuienis nie. Daar is sekere gedeeltes van die fisiese bewyse wat moontlik met die Staatsgetuies se getuienis vereenselwig kan word, maar daar is 'n noemenswaardige hoeveelheid aannames wat daarmee sal saamgaan. Die bewering dat die lyk wat gevind is nie dieselfde persoon is wat aangerand was nie, is baie makliker om te vereenselwig met die fisiese bewyse sonder om enige aannames te maak. Indien ons dan weer Ockham se skeermes (Ockham's razor) toepas op hierdie situasie sal dit onmoontlik wees om tot dieselfde gevolgtrekking te kom as Magistraat Kotze. Slegs deur 'n ernstige verbeeldingsvlug en 'n absurde hoeveelheid aannames kan Magistraat Kotze se gevolgtrekking bereik word.

# 4.) Aanhangsels

## *4.1) Kaarte*

### 4.2.1) Legende

| Key | Meaning |
|---|---|
| | Roete vanaf Duxburystraat/Duncanstraat kruising tot Tanyastraat. Hierdie is die roete soos beskryf deur die beskuldigdes. |
| | Hierdie is die roete wat die area dek waar die Staatsgetuies afgewyk het van die roete beskryf deur die beskuldigdes. |
| | Hierdie word gebruik om 'n moontlike verbinding te maak tussen die beskuldigdes se roete en die Staatsgetuies se roete. Hierdie afstande moes gedek word maar daar is geen getuienis daaroor nie. |
| A | Hierdie is die beginpunt van die roete. Die beginpunt is gekies as die verste punt waar beskuldigde-1 nog dekking kon geniet van die Hillcrest-selfoontoring. |
| B | Hierdie is die Loislaan/Hans Strijdomweg kruising waar die beskuldigdes getuig het hulle gestop het. |
| C | Die punt waar die beskuldigdes in Witdoringlaan ingedraai het. |
| D | Rofweg die punt waar beskuldigde-3 uit die kar geklim het en in die park ingegaan het. |
| E | Rofweg die punt waar beskuldigde-1 gestop het en in die park ingegaan het. |
| F | Die area waar Qualilife gimnasium was. Klaarblyklik bestaan die gimnasium nie meer nie. |
| G | Die punt waar die Staatsgetuies in Wekkerstraat ingedraai het om die beskuldigdes by die park te ontmoet. |
| H | Die staat waarin die Moeder van twee van die Staatsgetuies gebly het. |
| 1 | 'n Kaart van die volledige roete. |
| 2 | 'n Kaart wat op die Constatia Park area fokus. |
| 3 | 'n Kaart wat op die parkie, waar die vermeende moord plaasgevind het, fokus. |